Hoërskool Swartland

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
Posbus 253, Malmesbury, 7299

29 MEI 2020

Geagte Rockies en Rockie-Ouers/ -Voogde

Iemand het by geleentheid gesê: *"The richest wealth is WISDOM. The strongest weapon is PATIENCE. The best security is FAITH. The greatest tonic is LAUGHTER, and suprisingly all are FREE."* Wyse woorde; selfs goeie medisyne in vandag se onseker tye. Hierdie skrywe sal hopelik die meeste onsekerhede aanspreek ten opsigte van die terugkeer van u kosbare kinders, wie se veiligheid u aan Hoërskool Swartland toevertrou.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Hoërskool Swartland se personeel het reeds aan die begin van Mei 2020 voorbereidings begin tref vir die terugkeer van leerders. Die afgelope twee weke is al die klaskamers, die skoolsaal, seuns- en dogterstoilette, kantore, stoepe, ens. skoongemaak en gesaniteer. Die veiligheid van leerders en personeel is tans ons hoogste prioriteit. Ons voldoen aan al die voorskrifte van die WKOD sowel as die Departement van Gesondheid. Verder is alle kontrole prosedures in plek vir wanneer die matrieks op 1 Junie terugkeer skool toe. Elke leerder sal op die eerste dag van hul terugkeer opleiding en riglyne ontvang. Die WKOD het verskeie dokumentasie aan skole gestuur waarvolgens die skool moet optree. Die twee belangrikste dokumente is die volgende:

> *STANDARD OPERATING PROCEDURE FOR THE PREVENTION, CONTAINMENT AND MANAGEMENT OF COVID-19 IN SCHOOLS AND SCHOOL COMMUNITIES ("SOP van DBO"); RIGLYNE VIR DIE BESTUUR VAN COVID-19 IN OPENBARE SKOLE (COVID-19/20200517) MET AANHANGSEL A - M*.

Hoërskool Swartland het ook 'n eie Covid-19 Protokol opgestel wat in nog 'n verdere mate sal poog om die veiligheid van leerders te verseker.

1. SKOOLKLERE

Die Skoolbestuur het besluit dat die volledige skooluniform vanaf 1 Junie 2020 gedra sal word. Elke leerder sal verder met sy/haar aankoms en vertrek deur 'n missproeier stap alvorens sodanige leerder die skoolterrein betree. Die skoolbaadjie en -tas sal dus gesaniteer wees nadat die leerder deur die missproeier gestap het.

2. MATRIEKVOORKOMS

Ons is deeglik daarvan bewus dat leerders nie hulle hare by haarkappers kon laat sny nie. Sodra die owerhede toestemming verleen het vir die heropening van haarsalonne, sal ons leerders tot ‘n week na heropening die geleentheid gee om hul voorkoms in lyn met skoolreëls te bring. **MAAR**, my liewe **MATRIEKS**, ek wil graag op 1 Junie sien hoe lyk jou “*Lock Down*”-baard en baie lang hare. Dus, SLEGS vir die één dag (1 Junie), is jy welkom om skool toe te kom soos jy nou daarna uitsien. Vanaf 2 Junie is al die seuns netjies skoongeskeer.

3. AKADEMIE GR. 8 - 11

Die gr. 8 - 11 Akademiese E-leer program sal steeds voortgaan op die verskillende E-leer platforms. Die Akademiese program vir Junie 2020 sal binnekort uitgestuur word. Die verskillende grade se infasering sal waarskynlik tweeweekliks geskied, maar geen amptelike dokumentasie ten opsigte van die datums is nog gepubliseer nie. Die amptelike skooljaarbeplanning is ook nog nie van die WKOD ontvang nie; dus is die Skoolbestuur nog redelik in die duister oor hoe die res van die akademiese jaar daarna gaan uitsien. Ons behoort egter binne die volgende twee weke die nuwe kurrikulum vir gr. 8 - 11 te ontvang. Die terugvoer van personeel is egter positief en ons vertrou dat die meeste ROCKIES baie hard werk en hul kant bring. Ek glo dat die ROCKIE-waardes ook neerslag vind in die selfdissipline waarmee elke leerder nou by die huis studeer.

4. TOEGANGSBEHEER TOT HOËRSKOOL SWARTLAND

4.1 HEKKE IN GEBRUIK:

ALLE LEERLINGE MOET DIE BUSHEK GEBRUIK. Die **HOOFHEK** sal as ingang dien vir personeel met ‘n voertuig. Alle ander hekke sal te alle tye gesluit wees. Leerders sal soggens in die area onder die busafdak getoets en gesaniteer word. Alle leerders moet VOOR SKOOL eers deur die saniteringsarea beweeg voordat hulle by die skoolgebou mag ingaan. Leerders moet tussen 06:50 en 07:25 aanmeld. Die skool begin 07:30. Die basiese prosedure sal soos volg wees:

Stap 1: Die leerder beweeg deur die missproeier.
Stap 2: Die leerder se temperatuur word gemeet.
Stap 3: Die leerder meld by die admintafel aan waar spesifieke vrae deur die registerpersoneel gevra en aangeteken word op die datastelsel van die WKOD.
Stap 4: Die leerder word op grond van die uitslag op die skoolterrein toegelaat en beweeg dan na die registerklas.

Aan die einde van die dag sal leerders weer deur die missproeier moet stap voor hulle die skoolterrein verlaat.

4.2 GESIGMASKERS:

Alle persone (onderwysers, leerders en besoekers) moet ‘n gesigmasker dra vir die duur van hul besoek aan die skool. Alle leerders sal gedurende kontaktyd maskers dra. Die WKOD verskaf twee (2) grys materiaalmaskers aan elke leerder. ***(SOP van DBO § 5.2)***. As dit materiaalmaskers (drie(3) lae met die tussenlaag van katoen) is, moet hulle ten minste in besit van twee(2) maskers wees wat geroteer kan word en daagliks gewas moet word.

4.3 TOEGANGSBEHEER:

Slegs in uitsonderlike gevalle sal buitestanders op die terrein van Hoërskool Swartland toegelaat word. Die aantal persone wat op die skoolterrein toegelaat word, word beheer deur die beheermaatreëls wat deur die WKOD afgekondig is. ***(SOP van DBO § 5.2.1)***

5. OPLEIDING IN BASIESE SANITASIE EN HIGIËNE SOWEL AS DIE GEBRUIK VAN PERSOONLIKE BESKERMINGSTOERUSTING

Elke nuwe graadgroep wat ingefaseer word, sal opleiding ontvang ten op sigte van basiese sanitasie en higiëne sowel as die gebruik van die persoonlike beskermingstoerusting. Die graadhoof is verantwoordelik vir sy graad se opleiding.

6. KLASKAMERBESTUUR

6.1 ROETEKAART VIR WISSELING

Leerders se hande word by elke klas gesaniteer en banke word skoongevee met ‘n spesifieke saniteringsmiddel voordat die leerders in die klas instap. Alle klasse beweeg ry vir ry uit klasse. Die verskillende gange is nou eenrigting (met pyle aangedui) en alle leerders moet die nuwe vloeirigting van verkeer volg. (Doel: om ‘n afstand van minstens 1m tussen leerlinge te behou). (SIEN AANGHANGSEL A)

6.2 SKOOLROOSTER

Elke jaargroep word deur die graadhoof in twee verdeel. Groepe kom elke tweede dag skool toe en die spesifieke dag op die rooster word herhaal.

Infasering van Gr. 12’s.

1 Junie 2020:	Oriëntering en opleiding van Gr. 12's (Fisiese Wetenskap, Besigheid, Gesk bring asb skrifte en handboeke)
2 Junie 2020:	Dag 1 vir Gr. 12 Groep A
3 Junie 2020:	Dag 1 vir Gr. 12 Groep B
4 Junie 2020:	Dag 2 vir Gr. 12 Groep A
5 Junie 2020:	Dag 2 vir Gr. 12 Groep B ens.

Daarna volg ons die rooster met die herhaling van elke dag vir die verskillende groepe.

6.3 VERLOOP VAN DIE DAG

Periode	Tydsduur	Tyd begin	Tyd eindig
Register	23 min	07:30	07:53
Periode 1	57 min	07:53	08:50
Periode 2	57 min	08:50	09:47
Periode 3	57 min	09:47	10:44
Pouse	25 min	10:44	11:09
Periode 4	57 min	11:09	12:06
Periode 5	57 min	12:06	13:03
Periode 6	57 min	13:03	14:00

6.4 LEERDERS MET KOMORBODITEITE (Leerders wat risiko-gevalle is as gevolg van ernstige onderliggende siektetoestande)

Alle leerders met komorboditeite moet by die skool aansoek doen om tuis te studeer. Die SGOS-kantoor sal ook met die enkele gevalle in verbinding tree. Daar is amptelike dokumentasie wat voltooi moet word sowel as mediese verslae wat aangeheg moet word wat die geskiedenis van die siektetoestand bevestig. Indien die leerder sou kwalifiseer om tuis te studeer, as gevolg van die komorboditeit, sal daar reëlings deur die skool getref word om die leerder te ondersteun.

6.5 SKRYFBEHOEFTES, HANDBOEKE EN SKRIFTE

Geen leerder mag skryfbehoeftes, handboeke of skrifte deel of uitleen nie. Leerders kan ook nie handboeke in ‘n klas bêre tot die volgende periode nie.

6.6 SOSIALE DISTANSIËRING EN FISIESE KONTAK TUSSEN LEERDERS

Géén fisiese kontak tussen leerders of personeel is toelaatbaar nie en dus geen handskud of drukkies nie. Sosiale distansiëring bly van toepassing op die skoolterrein en ook gedurende pouses. Geen informele sport word toegelaat tydens pouses nie.

6.7 TOILETTE

Die gebruik van toilette sal beheer word deur ‘n persoon wat voltyds by die toilette aan diens sal wees. Slegs die damestoilet onder die saal sal oop wees gedurende die dag. Die ander twee damestoilette sal gesluit wees. Handsaniteerder sal op hande gespuit word sodra die leerder by die deur van die toilet inbeweeg en wanneer die leerder uitbeweeg. Die skoonmakers, wat voltyds by die toilette aan diens sal wees, sal alle toilette deeglik skoonmaak en saniteer voor gebruik. Geen toiletrolle mag uit toilette verwyder word nie.

6.8 REKENAARSENTRUMS

Die sanitering van die drie (3) rekenaarsentrums (Mnr. De Beer, Me. Smit en Mnr.Spies) moet na elke periode plaasvind wanneer ‘n groep leerders in die rekenaarsentrum was. Die beskerming van sleutelborde (“keyboards”) sal getref word deur die personeel wat verantwoordelik is vir die rekenaarsentrums.

6.9 SLUITKASSIES

Die sluitkassies sal vir die volgende aantal weke nie gebruik mag word nie. Daar is ongelukkig te veel samedromming in dié gebied.

7. ONTSMETTING VAN DIE SKOOL NA ELKE SKOOLDAG

Die terreinwerkers sal elke dag, na die skoolbedrywighede alle klasse en gange wat gebruik is, met die geskikte saniteerders ontsmet. Al die terreinwerkers moet geskikte kleredrag aantrek sowel as gesigsbeskermers dra. Al die nodige toerusting is aangekoop en word reeds op die terrein gebruik.

8. SPORT / KULTUUR

GEEN sport- of kultuurbedrywighede mag plaasvind alvorens toestemming deur die owerhede daartoe verleen word nie. Oefeninge van leerders kan eers hervat word op die vlak van inperking wat toestemming daartoe verleen. Die Organisasie in beheer van ‘n sportkode moet toestemming verleen voor georganiseerde wedstryde hervat kan word.

9. VOORKOMS VAN ‘N MOONTLIKE GEïNFEKTEERDE PERSOON

(SOP van DBO § 5.4) ‘n Leerder/personeellid of lid van die publiek, wat getoets word op die skoolterrein en ‘n hoër as normale liggaamstemperatuur registreer, sal in die SGOS-eksamenlokaal geplaas word. Die relevante persone sal in kennis gestel word. Me. Koen sal die temperatuur elke 30 minute meet en op ‘n register aanteken. Die lokaal word na die persoon vertrek het, gesaniteer. Die skoolhoof sal die insident telefonies sowel as per e-pos aan die Kringbestuurder rapporteer. Indien ‘n leerder ‘n té hoë liggaamstemperatuur by die hek meet, sal hy/sy versoek word om in ‘n afwagtingsarea te wag sodat die liggaamstemperatuur na 10 minute weer gemeet kan word.

Indien die temperatuur nog steeds te hoog is, sal die ouers/voogde gekontak word sodat die leerder dadelik na sy/haar ouerhuis kan terugkeer.

Indien ‘n positiewe Covid-19 geval gerapporteer word, nadat mediese toetse gedoen is, sal die relevante persone by die WKOD van die situasie ingelig word. Die persone met wie die positiewe Covid-19-geval in aanraking was, sal geïdentifiseer word en die nodige voorsorgmaatreëls sal getref word.

10. SNOEPIE

Die skool se snoepie sal gesluit wees tot verdere kennisgewing. Indien die vlak van inperking die verkoop van artikels moontlik maak, sal snoepiebedrywighede hervat. Leerders moet dus elke dag vir hulle eie kos voorsiening maak.

11. KOSHUISE

Gegewe die huidige getalle in Huis van Zyl en Huis van Imhoff, kan leerders so versprei word dat slegs een(1) leerder per kamer woon. Die leerders moet ook in die eet- en studiesaal so geplaas word dat ‘n minimum afstand van 1.5m tussen leerders gehandhaaf word. Die liggaamstemperatuur van leerders moet soggens deur die matrone gemeet en in ‘n register aangeteken word. Die koshuissuperintendente is die verantwoordelike persone ten opsigte van basiese sanitasie en higiëne sowel as die gebruik van die persoonlike beskermingstoerusting. Wanneer die leerders vir gr. 11 en 12 terugkeer, sal slegs Huis van Imhoff gebruik word vir seuns en meisies.

12. SELFONE

Geen selfone word op die skoolterrein toegelaat nie en géén selfoon kan by die kantoor ingelewer word vir veilige bewaring nie.

13. BUSVERVOER

Daar is tans een busroete wat Hoërskool Swartland tussen Riebeeck-Wes / Riebeeck-Kasteel en Hoërskool Swartland bedien. Die bus sal voldoende ruimte hê sodat die voorgeskrewe afstand tussen die leerders gehandhaaf kan word. Sekere sitplekke sal nie gebruik kan word nie en sal so gemerk wees. Sanitering van leerders sal plaasvind voor enige rit met die bus. Gesigsmaskers moet vir die volle duur van die rit deur sowel leerders as die busbestuurder gedra word. Die bus sal na elke rit deur die terreinpersoneel gesaniteer word. Leerders word by die bushek afgelaai. Oplaaitye sal noodwendig aangepas moet word aangesien sanitering meer tyd in beslag neem.

14. LEERDERS WAT TUIS WIL STUDEER

Die WKOD het baie duidelike riglyne ten opsigte van leerders wat tuis wil studeer neergelê. Indien die opsie van tuisstudie uitgeoefen word, moet leerders by die WKOD geregistreer word as ‘n tuisskoolstudent (*“home school student”*) en word hy/sy dienooreenkomstig gederegistreer by Hoërskool Swartland. Alle akademiese ondersteuning deur die skool word na deregistrasie onttrek. Die E-leer ondersteuning, vir elke graad wat ingefaseer word, word ook gestaak.

Liewe Ouers, u is welkom om die verskillende artikels ten opsigte van die oordrag van die COVID-19 virus in die ouderdomsgroep jonger as 20 jaar te lees. Die oordrag en moontlike verspreiding tussen leerders is baie klein, maar ons wil nie ‘n kans waag nie en daarom het ons uit ons pad gegaan om die skool so veilig as moontlik te maak vir elke leerder.

Al die onderwysers met komorboditeite het aangedui dat hulle nie spesiale verlof gaan neem nie, maar om die belange van die ROCKIES eerste te stel. Hierdie positiewe gesindheid word hoog op prys gestel en ek hoop dié positiewe gesindheid spoel oor na die leerders se gesindheid, werkywer en ingesteldheid. Ek sluit af met die woorde aan die begin van my brief: ***“The richest wealth is WISDOM. The strongest weapon is PATIENCE. The best security is FAITH. The greatest tonic is LAUGHTER, and suprisingly all are FREE.”***

As hoof is ek positief dat ons elke nuwe uitdaging met nuwe kreatiwiteit sal kan aanpak. Kommunikeer asseblief met die skool deur e-posse, telefoon, ZOOM, MS Teams, Skype, ens. My kantoordeur is ongelukkig deur die WKOD toegemaak om kontak met besoekers te beperk. Die afgelope jare het ek baie positiewe ouers in ‘n positiewe Swartlandgemeenskap teëgekom en ek is vas oortuig dat dié positiewe gesindheid ons ook deur hierdie COVID-19 krisis sal dra.

Dankie vir u ondersteuning aan ‘n positiewe skool.

J Schoonraad
SKOOLHOOF